

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Ongelooflik. Leeg!

Skriflesing: Lukas 24:1-12

Broodjies vir die pad

“The symbol of Easter is the empty tomb. You can't depict or domesticate emptiness. You can't make it into pageants and string it with lights. It doesn't move people to give presents to each other or sing old songs. It ebbs and flows all around us, the Eastertide. Even the great choruses of Handel's Messiah sound a little like a handful of crickets chirping under the moon.

He rose. A few saw him briefly and talked to him. If it is true, there is nothing left to say. If it is not true, there is nothing left to say. For believers and unbelievers both, life has never been the same again. For some, neither has death. What is left now is the emptiness. There are those who, like Magdalen, will never stop searching it till they find his face.”
— Frederick Buechner

“NOBREZA SILENCIOSA. SILENT NOBILITY. It is a mistake to believe that the crucial moments of a life when its habitual direction changes forever must be loud and shrill dramatics, washed away by fierce internal surges. This is a kitschy fairy tale started by boozing journalists, flashbulb-seeking filmmakers and authors whose minds look like tabloids. In truth, the dramatics of a life-determining experience are often unbelievably soft. It has so little akin to the bang, the flash, of the volcanic eruption that, at the moment it is made, the experience is often not even noticed. When it deploys its revolutionary effect and plunges a life into a brand-new light giving it a brand-new melody, it does that silently and in this wonderful silence resides its special nobility.”

— Pascal Mercier, Night Train to Lisbon

“To love means loving the unlovable. To forgive means pardoning the unpardonable. Faith means believing the unbelievable. Hope means hoping when everything seems hopeless.”

— G.K. Chesterton

“Were it possible for us to see further than our knowledge reaches, and yet a little way beyond the outworks of our divinings, perhaps we would endure our sadnesses with greater confidence than our joys. For they are the moments when something new has entered into us, something unknown; our feelings grow mute in shy perplexity, everything in us withdraws, a stillness comes, and the new,

which no one knows, stands in the midst of it and is silent.”

— Rainer Maria Rilke, Letters to a Young Poet

“An unbelieved truth can hurt a man much more than a lie. It takes great courage to back truth unacceptable to our times. There's a punishment for it, and it's usually crucifixion.”

— John Steinbeck, East of Eden

Herfs

Die Pieke wissel in 'n kwepergloed

wat appels en die laaste druiwe voed;

die wingerde verroes tot rooi pontak

terwyl uit eikebome koperblare sak.

Die bye en jangroentjies steek suikerkanne

en kerse van die populiere brand. Ontspanne

drink jy vonkelwyn en koer: op die dak

lê reeds die rye boerpampoene weggepak.

Nou met brokkolie, blomkool en sampioene

spriet 'n dieper drif en soet uit suurlemoene;

jy smul aan borrieopatats en, gesmoor of

gerook,

voel jy in jou die eerste snoek wat loop.

DJ Opperman 1979

“in order to explain historically how all the early Christians came to the belief they held, that Jesus had been raised, we have to say at least this: that the tomb was empty, except for some graveclothes, and that they really did see and talk with someone who gave every appearance of being a solidly physical Jesus, though a Jesus who was strangely changed, more strangely than they were able fully to describe. Both the meetings and the empty tomb are therefore necessary if we are to explain the rise of the belief and the writing of the stories as we have them. Neither by itself was sufficient; put them together, though, and they provide a complete and coherent explanation for the rise of the early Christian belief. Is”

— N.T. Wright, Surprised by Hope: Rethinking Heaven, the Resurrection, and the Mission of the Church

“There is no way back. No other explanations have been offered, in two thousand years of sneering skepticism toward the Christian witness, that can satisfactorily account for how the tomb came to be empty, how the disciples came to see Jesus, and how their lives and worldviews were transformed.”

— N.T. Wright, Surprised by Hope: Rethinking Heaven, the Resurrection, and the Mission of the Church

“Many in fact will continue to find it easier to believe that the empty tomb produced the disciples’ faith than that the disciples’ faith produced the empty tomb.”

— Steve Kumar, Christianity for Skeptics

“I’m still discovering, right up to this moment, that it is only by living completely in this world that one learns to have faith. I mean living unreservedly in life’s duties, problems, successes and failures, experiences and perplexities. In so doing, we throw ourselves completely into the arms of God.”

— Dietrich Bonhoeffer

Jesus se vreemde gedrag het mense destyds laat frons

RRV

Die Britse kunstenaar Ford Madox Brown (1821-1893) se skildery *Jesus Washing Peter’s Feet* bied ’n treffende uitbeelding van die Bybelse vertelling van Jesus wat sy dissipels se voete was.

Kort voor die Pasga-fees, so lees ons in Johannes 13, het Jesus tydens aandete sy boklere uitgetrek en ’n linnedoek om Hom vasgebind. Hierna het Hy water in ’n waskom gegooi en sy dissipels se voete begin was. Toe Hy by Simon Petrus kom, het dié vir Hom gesê: “Here gaan U my voete was? . . . U sal beslis nie my voete was nie” (13:6, 8).

In Brown se kunswerk (in die Tate-kunsgalery in Londen te siene) is dit veral Petrus se liggaamshouding en gesigsuitdrukking wat opval. Hy sit met gevoude hande, en kyk af met sy ken teen sy bors.

Voor hom kniel Jesus, opvallend laer as hy geplaas. Jesus kyk stip na Petrus se regtervoet wat Hy uit die waskom lig en met ’n stewige greep vashou om af te droog. Petrus frons en is duidelik uiters verleë en ongemaklik oor wat hier afspeel. Sy hele uitstraling spreek daarvan dat hy Jesus se handeling as onvanpas beskou.

Op ’n sekere vlak is Petrus se verontwaardiging verstaanbaar. Dit was weliswaar ’n teken van gasvryheid om gaste se voete te was, maar dit was diensknegte se taak. Deurdit Jesus nou sy dissipels se voete was, verlaag en verneder Hy dus homself. Dit is asof Petrus wonder of hy ’n Jesus kan volg wat so vreemd optree. Hy moet eerder Jesus se voete was.

Kunshistorici wys daarop dat Brown se skildery aanvanklik vir Jesus met ’n naakte bolyf uitgebeeld het. Die oorspronklike skildery het egter sterk kritiek ontlok en nie verkoop nie. Brown het daarom later maar vir Jesus met ’n groen kleed geskilder om hom meer fatsoenlik voor te stel.

Mense se reaksie op die skildery kon moontlik met die Victoriaanse preutsheid van destyds saamgehang het. Maar dalk het hul verontwaardiging ook daarmee te make gehad, soos James Martin in sy boek *Jesus: A Pilgrimage* suggereer, dat die uitbeelding van ’n alte menslike Jesus wat voete was vir hulle net te vreemd en te naby aan die lyf aangedoen het.

In ons dag kon ons hier kort voor Paasfees eweneens vra of hierdie Jesus se voorbeeld darem nie net te haaks staan op die heersende beskouing in ons kultuur, en selfs ook in die kerk, oor mag, leierskap, manlikheid en sukses nie. En of Jesus se vreemdheid ons nie ook dikwels – soos Petrus in Brown se skildery – knorrig laat nie.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-jesus-se-vreemde-gedrag-het-mense-destyds-laet-frons-20220409>

Brood vir die pad

Woorde, selfs die waarheid, kan verwond

Wilhelm Jordaan

In sy liedjie “Rede om te glo” sing Elvis Blue passievol: “Elke mens het ’n storie, elke mens het seer.” En die bejaarde Katolieke priester Ray Kelly beaam dit met sy oorrampelende weergawe van die rockgroep R.E.M se liedjie “Everybody Hurts”.

Daarmee die vraag: Waarom is jou storie nie net mooi nie? Waarom hét jy seer? Die eenvoudige antwoord is omdat jy ’n mens is. Mense kry seer en maak mekaar seer. Wat ons dikwels vergeet, is dat “seerkry” veelal deur taal gebeur.

Wat ons vir mekaar sê, hoe ons dit sê; wat ons versuim om te sê; wat ons deur onwil, moedswil en onwetendheid nie gesê kry nie, speel ’n sleutelrol in wat ons van mekaar weet en verstaan én die soort selfbeeld wat elkeen daaruit vorm. Pas dít toe op enige verhouding en ’n mens snap opeens die verskrikking van taal wat seer maak en littekens laat; taal wat jou selde of nooit ’n rede gee om in jouself te glo nie.

Wanneer taal so werk dat jy byvoorbeeld male sonder tal getipeer word as ’n mens sonder talente begin jy glo jy het geen talente nie en jou selfspraak, jou intieme binnespraak, bevestig dit. Algaande ontwikkel jy dan ’n selfbeeld van talenteloosheid én die gevaarlike sindroom van die selfbejammerende “arme ek”.

Talige seermaak het dikwels te doen met mense se opvatting dat die waarheid tot elke prys móét seëvier. Iemand se tekortkominge, soos jy dit sien, moet vertel word, moet blootgelê word sodat dié iemand, in jou oë, ’n beter mens kan word.

Waarheidsywer klink lofwaardig, maar het dikwels tragiese gevolge. Soos dit gebeur in die Noorweegse drama *Die wilde eend* deur Henrik Ibsen. Gregers Werle, aangedryf deur ’n passie vir die waarheid, gaan woon in die huis van die Ekdals sodat hy sy vriend (Hjalmar Ekdal) kan vertel dat Hjalmar in ’n leuen leef. Mettertyd raak Gregers bewus van sekere illusies wat die Ekdals in hul oënskynlik gelukkige huis vertroetel. Hy voel hy word as’t ware “gedagvaar” om “die suiwer ideaal” van die waarheid te vertel.

Hy sien byvoorbeeld hoe die futlose pa bly glo hy is ’n groot uitvinder; hoe die oupa in die verlede leef toe hy ’n uitnemende sportman was; en hoe die dogter Hedvig emosioneel vasgevang is in haar dakkamertjie waar sy haar verbeel sy sorg vir ’n gewonde, wilde eend.

Deur dié en ander illusies goedsmoeds bloot te lê deur ontmaskerende taal, vertel Gregers wel die waarheid, maar vernietig terselfdertyd die huismense se klein illusies wat tog vir hulle ’n bietjie geluk gebring het.

Wat Ibsen verwoord, moet ons laat nadink oor woorde wat mense in hul diepste wese kan krenk, verwond en van lewensgeluk beroof.

Soos dié weergawe van ’n Engelse gedig deur William Blake dít sê: “Meer as al die leuens wat jy kan fabriseer /sal die waarheid met ’n angel / jou medemens se klein verweer / tot op die bodem skeur.”

* *Jordaan is ’n emeritus professor in sielkunde.*

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/woorde-selfs-die-waarheid-kan-verwond-20220412>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877